

Week 4 Dag 6: Vergifnis aan ander

Lees Joh 20:11-23

Die heel eerste deel van ons opdrag as gestuurdes is om mense die verlossing te bring wat Jesus verwerf het op Golgota, sodat hulle tot geloof kan kom en ons dan kan verkondig: “Jou

sondes is vergewe.” Dis natuurlik nie ek en jy wat sondes kan vergewe nie, maar Jesus maak ons die instrumente waardeur sy vergifnis by mense kan uitkom.

Jesus is immers deur die Vader gestuur om mense te red. So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy Seun gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Johannes 3:16). En nou stuur Hy jou ook na die mense van die wêreld om sy werk voort te sit.

Ek en jy is sy broers en susters. Ons is kinders van dieselfde Vader wat ’n passie vir mense het. Daarom móét ons oor die vraag dink: Wat van die mense wat verlore gaan? Wat doen jy daaraan? Is jy in dié opsig deel van die gestuurdes?

Dalk is daar dinge wat jou terughou. Kyk dan weer na gister se dagstukkie. Die Heilige Gees woon in jou! Hy bemagtig jou. Dit is God wat dit in jou laat gebeur. Jy moet jouself net tot sy beskikking stel. Dan sál die Gees jou gebruik om mense by God uit te bring.

Gebed: Here Jesus, gee my ’n passie vir mense, soos U het!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026